

9 April

Skrifgedeelte: Deuteronomium 20 en 21

Heilige oorloë wanneer dit moet

Wanneer Israel oorlog moes maak, moes dit 'n heilige oorlog wees. God mag nooit 'n buitestander wees nie. Hy self wil met sy volk optrek, daarom sal dit sy oorlog wees. Hulle moet nie bang wees nie, want God is by hulle (vs 1). Daarom moes daar geestelike voorbereiding wees. Die priester, verteenwoordiger van God, moet hulle toespreek en bemoedig (vs 2-4). Die leiers moes almal wat nie wou optrek nie onttrek uit die oorlog. Die rede is dat hulle nie met hart en siel in die stryd sal wees nie en hulle daarom ook nie volkome op die Here sal verlaat nie. God se grootheid moes steeds voorop staan: Daar mag nie somer geveg word sonder dat daar eers 'n vredesaanbod gemaak is nie (vs 11); vrouens en kinders en diere en veraf volke moes gespaar word (vs 13-15). Selfs bome moes nie verniel word nie (vs, 19,20). God het Israel nie somer oorlog laat maak ter wille van oorlog nie. In die proses om die beloofde land in besit te neem, moes sy grootheid en heiligheid steeds gehandhaaf word, ook as die inwoners wat naby was met die banvloek getref moes word (vs 16-18). Krygsgevangenes moes menslik behandel word (21:10 ev). In alles moes dit om die eer van God gaan (21:23). Dit moes oorlog met die vrede van God in jou hart wees – oorlog tot eer van God. Sluit al ons negatiewe gevoelens en stryd met mense nie hierby aan nie? Die liefde van Christus moet altyd seëvier. Hy wat Petrus sy swaard laat bêre het, het gesê: “Almal wat na die swaard gryp sal deur die swaard omkom” (Matt 26:51,52).

Sing: Psalm 99:4

Ds LD Aucamp (Cullinan)